

TOEKENNING VAN NAGRAADSE BEURSE DEUR DIE FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE IN 2013

'n Onlangse behoeftebepaling wat in al ag departemente in die Fakulteit Natuurwetenskappe gedoen is, het die aandag gevestig op die probleme wat navorsers ondervind in hulle pogings om beursondersteuning vir belowende nagraadse studente te bekom. Dit is grootliks te wyte aan die klein aantal suksesvolle aansoeke wat deur die Nasionale Navorsingsraad (NNR) toegestaan word (en omdat aansporingsbefondsing vir gegradeerde wetenskaplikes nie vir beurse voorsiening maak nie). Hierdie situasie is boonop vererger deur die NNR se besluit om nie vir voorleggings te vra in 2012 nie, wat daartoe gelei het dat 'n groot aantal navorsers uit die sisteem gehou is.

Meer as 90% van die personeellede wat data tydens die behoeftebepaling ingedien het, het die beskikbaarheid van beurse as 'n belangrike faktor geïdentifiseer wat 'n bedreiging vir hulle navorsingsprogramme inhou. Op grond van bogenoemde probleem het die waarnemende dekaan fakulteitsfondse geormerk vir die jaarlikse toekening van 10 MSc- en 10 PhD-beurse wat in 2013 in aanvang sal neem. Sodra hierdie beursskema in werking is, (2014 vir MSc en 2015 vir PhD) sal daar op enige gegewe tydstip ongeveer 20 MSc- en 30 PhD-beurse toegeken wees, wat 'n groot koste-implikasie vir die Fakulteit inhou. 'n Belangrike oorweging in die toekenning van fakulteitsbeurse moet gevolglik wees om studente te lok wat andersins verlore sou wees vir die sisteem as gevolg van hulle onvermoë om finansiële ondersteuning te verkry vir nagraadse studie uit ander bronne (soos bv. die NNR, of Harry Crossley- en Wilhelm Frank-beurse) te bekom.

Ons voorsien dat die "50 bykomende studente" subsidie van die Departement van Onderwys sal kry wat ook die Fakulteit Natuurwetenskappe sal help om 'n gedeelte van die koste te verhaal. Gevolglik sal bewyse van akademiese verdienstelikheid, asook van onsuksesvolle pogings om beursondersteuning elders te kry, van uiterste belang wees wanneer die toekenning van Fakulteitsbeurse oorweeg word.

- Ons is van voorneme om die geldwaarde van die Fakulteitsbeurse te baseer op die geldwaarde van die NNR se kompetere program vir gegradeerde wetenskaplikes – R60 000 vir PhD-studies en R40 000 vir MSc-studies
- Fakulteitsbeurse mag nie toegeken word aan studente wat reeds 'n ander beurs/toekenning het nie, alhoewel 'n aanvullende bedrag van tot R10 000 per jaar toelaatbaar is, indien dit 'n nie-bindende byverdienste is.
- Daar sal slegs 'n uitsondering op bg. reël gemaak word t.o.v. Stellenbosch Merietebeurse. Laasgenoemde beurse kan gelyktydig met Fakulteitsbeurse gehou word. (Merietebeurse se huidige waardes: MSc, R16 000 vir 1ste jaar; R17 600 vir 2de jaar; PhD, R57 780 vir 3 jaar, maw R19 260 per jaar). In so 'n geval is die aanvullende befondsing van R10 000 per jaar egter nie toelaatbaar nie.

Die sluitingsdatum om vir 'n Fakulteitsbeurs oorweeg te word, sal middel Februarie wees van die jaar waarin die befondsing in aanvang neem. Die NNS-beurse (bloktoekennings) sal op daardie tydstip nog nie toegeken wees nie. Siende dat slegs 13 hierdie jaar toegeken is (met 9 voortsettings) is besluit om hulle buite rekening te laat, wat ons die geleentheid sal gee om die Fakulteitsbeurse reeds in Februarie toe te ken (maw vroer as wat moontlik sou gewees het as ons eers vir die uitkoms van die NNS-beurse bloktoekennings gewag het).

Duur van befondsing

Twee jaar van ondersteuning op MSc-vlak en drie jaar van ondersteuning vir 'n PhD. Befondsing is vir een kalenderjaar vanaf datum van registrasie. Befondsing vir die tweede of derde jaar is op grond van uitsonderlike vordering in die voorafgaande jaar soos getoon in die halfjaarlikse departementele vorderingsverslae, en die positiewe aanbeveling van die studieleier(s).

Kwalifiserende kriteria

- 1) Slegs vir Suid-Afrikaanse burgers en vir voltydse studie
- 2) Akademiese verdienstelikheid en die eksklusiewe registrasie in 'n departement van die Fakulteit Natuurwetenskappe
- 3) MSc-beurse word toegeken aan studente wat in besit is van 'n honneursgraad, en PhD-beurse word toegeken aan studente met 'n MSc. Voorsiening sal gemaak word vir opgraderings van MSc-studies na PhD-studies
- 4) Beurshouers sal toegelaat word om teen vergoeding 'n maksimum van 12 uur se onderrig, of die aanbod van praktiese of tutoriaalklasse te gee.

Aansoeke

Aansoekers moet 'n volledige CV (insluitend die akademiese rekord) verskaf, asook bewys lewer dat hulle onsuksesvol was in hul pogings om befondsing uit ander bronne te bekom. Die aansoek moet deur die potensiële studieleier ondersteun word en deur die departementele voorsitter by die dekaanskantoor ingehandig word. Die departementele voorsitter (en departementele bestuurskomitee) moet, indien daar verskeie aansoeke uit een departement kom, die aansoeke prioretiseer op grond van kritiese finansiële behoefte. Alhoewel dit nie beslissend sal wees nie, sal dit help met die finale keuring van fakulteitsbeurshouers.

Voorwaarde

Hierdie skema kan heroorweeg word indien NNR-beurse meer vryelik beskikbaar word, die finansiële posisie van die Fakulteit versleg tot die punt waar die skema nie meer voortgesit kan word nie, of waar studente die Fakulteitskema begin gebruik as beurs van keuse bo beurse wat elders beskikbaar is. Die skema moet finansiëel haalbaar bly, met die voorwaarde dat die studente wat ondersteun word bykomende studente is wat nie

andersins sonder beursoondersteuning sou kon studeer nie. Die skema moenie studente ondersteun wat beurse op ander plekke kon kry en dus nie bykomend tot die Fakulteit is nie. Fondse sal eenkant gesit en geormerk word vir elke student vir die normale duur van die beurs en sou dit dus nodig wees om die skema te staak, sal studente wat reeds deel van die skema is, steun ontvang vir die volle duur van die beurs.

**SLUITINGSDATUM WAAROP AANSOEKE BY DIE DEKAANSKANTOOR INGEHANDIG MOET
WORD: 15 FEBRUARIE 2013**